Verborgenheid in name

G. J. Du Preez 072 1876 076

Verborgenheid in name.

Deel **een**: Die belofte

1) Adam = Man / Mens uit die rooi aarde
2) Abel = Damp / Asem
3) Kain = wig / oorneming
4) Set = Aanstel / Plaasvervanging / in die plek van
5) Enos = Menswees / wese
6) Kenan = Besitting / Verwerping / verkryging
7) Mahalálel = Lof / Eer aan Skepper
8) Jered = Neerdaling
9) Henog = Onderwys / lering
10) Metúsalag = Man van Skepper / man van pyl
11) Lameg = Sterk / Kragtig / magtig
12) Noag = Gemak / onbesorgdheid / vertroos / rustig / redding

(1)Mens (*man*) word gevorm uit rooi aarde (2) Soos 'n damp (*asem*) was hy daar vir 'n kort rukkie (3) 'n wig (*Ha satan*) het gekom om oor te neem (4) VADER stuur 'n plaasvervanger (*YAHUSHA*) in Adam plek van(5)die mens wesens (6) sodat mens besittings kon verkry (7) lof en eer aan ons VADER (8) dat HY SY Seun na ons sal laat neerdaal (9) Hy (*YAHUSHA*) gaan ons kom onderwys (10) Ja 'n Man van VADER (11) Sterk magtig en kragtig is Hy (12) Met vertroosting gaan Hy vir mens redding bring.

Deel **twee**: Die vervulling

1) Ruben = Kyk n' seun / beskou / sien Gen.29:32
2) Símeon = Gehoor / verhoor / hoor / luister Gen.29:33
3) Levi = By gevoeg / aan gesluit / vasklewing / adhesie Gen.29:34
(4) Juda = Prys / loof / eer Matt.2:6
5) Dan = Regter / beoordelaar / beoordeel / oordeel Gen.14:14
6) Náftali = My / stoei / worsteling Gen.30:8
7) Gad = Geluk / Fortuin / bende / menigte Gen.31:11
8) Aser = Gelukkig / bly / tevrede / voorspoedig Gen.31:13 verblyding
9) Issaskar = Hy sal n' beloning bring / huur Gen.30:18
10) Sebulon = Dwaal / woning Gen.30:20
11) Jôsef = Hy voeg by / mag hy by voeg Gen.30:24 Jafet
12) Benjamin = Seun van die regter hand Gen. 35:18

(1) Aanskou die Seun van VADER (2) Hoor Sy woorde en luister na Hom (3) Kleef Hom aan (4) gee hom al die eer en prys Hom (5) Hy kom om te oordeel (6) Ha satan worstel en spartel (7) tussen die menigte om sy eie geluk (8), maar met verblyding is daar (9) beloning vir (10) dié wat in Hom dwaal en woning soek (11) Ja VADER voeg (12) die uitverkore seuns aan Sy regterhand (aan *YAHUSHA*)

Deel **drie**: Die uitvoering

(1)Andréas / Andrew Joh.1:30 = Man wat was YAHUSHA
(2)Thomas / T'oma = Joh.6:62 = tweede keer / soos voorheen
(3)Johannes / John / Jochanan / Yochanan = 2 Sam.7:22 = Groot Koning
(4)Matthéüs / Matthew / Mattityahu = 2 Sam.22:31 = gelouterde woord
(5)Filippus / Philip / Philippos = Deut.18;18 = Spreek skerp woorde
(6)Jakobus / James / Ya`akov = Voet ligter Gen.49:19 = sal Terugneem
(7)Judas / Yehudah Iskáriot = Agteraf of verwoester
(8)Bartholoméüs/Nathanial/Bar-Talmai = ps.23:4 =Stok en staf van VADER
(9)Simon / Petrus / Petros / Shim / Kefa = 1 Sam:2:2; Ps.18:2 = is 'n Rots
(10)Matthías / Matthias / Mattityah = geskenk deur VADER

(1) Dié Bruidegom wat was "is" en gaan weer kom (2) Hy kom op die wolke (3) as dié groot Koning (4) Met gelouterde woorde van VADER gaan Hy spreek (5) Ja met skerp woorde (6) sal Hy terugneem by (7) Ha satan (8) Met strafgerig sal hy heers (9) Ja 'n Rots wat sal voed (10) geskenk deur VADER

Kan daar nog enige vrae wees! Die uitleg is: "*YAHUSHA is gestuur deur VADER om die 'mens' te red*". Hy het nie gekom vir ander volke buiten die Adamitiese geslag nie; Slegs dié uitverkore bloedlyn (Jes.46:3; Eseg.16:4-14; 20:5; Joël.2:27; Matt.10:6; 15:24; Luk.3:23-38; Joh.12:13; ens.

Nou dat ons die verborgenheid in name bo kan bespeur moet ons die verborgenheid in VADER se NAAM ook kan bespeur.

*Ex. 23:20,21 Kyk, Ek stuur 'n Engel (*YAHUSHA*) voor jou uit ...:21 Neem jou in ag vir Hom en luister na Sy stem;.... My Naam is in Hom* (Lees mooi: dié NAAM van VADER is in die "Engel" met 'n hoofletter wat YAHUSHA is). *Deut. 18:19 En die man wat nie luister na My woorde wat Hy in My Naam spreek nie, van hom sal Ek self rekenskap afeis. 1Sa 17:45 ...ek kom na jou in die Naam van ~~die HERE~~ VADER van die leërskare, die ~~God~~ Skepper van die slagordes van ~~Israel~~ Yashar'EL, ... Ps. 103:1.... Loof die ~~HERE~~ VADER, o my siel, en alles wat binne-in my is, sy ~~heilige~~ Reine Naam! Eseg. 39:7 En Ek sal my ~~heilige~~ reine Naam bekend maak onder My volk ~~Israel~~ Yashar'EL en sal My ~~heilige~~ Reine Naam nie meer laat ~~ontheilig~~ ontreinig nie.... Eseg. 43:8 deurdat hulle hul drumpel by My drumpel gemaak het en hul deurpos langs My deurpos, sodat net die muur tussen My en hulle was; en hulle het My ~~heilige~~ Reine Naam verontreinig.... Sag. 13:9 .... Hulle sal My Naam aanroep, en Ek sal hulle verhoor. Ek sê: Dit is My volk! En hulle sal sê: ~~Die HERE~~, VADER my ~~God~~ Skepper! Mal 1:11 .... My Naam groot onder die heidene; ..., sê ~~die HERE~~ VADER van die leërskare. Matt. 7:22 Baie sal in daardie dag vir My sê: ~~Here~~, ~~Here~~ Meester, Meester, het ons nie in U Naam geprofeteer en in U Naam duiwels uitgedrywe en in U Naam baie kragte gedoen nie?*

Mark. 9:37 Elkeen wat een van sulke kindertjies ontvang in My Naam, ontvang My. En elkeen wat My ontvang, ontvang nie My nie, maar Hom wat My gestuur het. Joh. 5:43 Ek het gekom in die Naam van My Vader, … Joh. 14:26 maar die Trooster, die ~~Heilige~~ Reine Gees, wat die VADER in My Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het. Joh. 17:11 …. ~~Heilige~~ Reine VADER, bewaar in U Naam die wat U My gegee het, … Joh. 17:26 En Ek het U Naam aan hulle bekend gemaak en sal dit bekend maak, sodat die liefde waarmee U My liefgehad het, in hulle kan wees, en Ek in hulle. Open. 3:12 Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van My ~~God~~ VADER maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van My ~~God~~ VADER skrywe en die naam van die stad van My ~~God~~ VADER, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van My ~~God~~ VADER neerdaal, en My nuwe Naam.

Bo het ons nou heelwat verse uitgehaal waar ons lees van die "NAAM van VADER" tog lees jy nêrens in die Skrif dat VADER SY Naam gee nie. Baie se ja, maar Moses het dit ontvang! Lees mooi, in Ex.3:2 staan: *Daarop verskyn 'n "Engel" / Boodskapper van die ~~HERE~~ VADER aan hom…* ; In vers 6 staan: Ek is die ~~God~~ Skepper van Abraham, Isak en Jakob. Dus is die Boodskapper dié Seun van VADER! Die 'Boodskapper' se Naam is aan ons bekend gemaak as YH / YAH. Dié Boodskapper (*Engel*) met 'n hoofletter het op baie plekke in die Skrif te voorskyn gekom waar Hy die volk gehelp of gestraf het.

In kort kan ek noem dat die Boodskapper ietwat geïrriteerd was toe Moses vra na Sy Naam (*Verstaanbaar van Moses se kant, want hy kom van Egipte wat oor die 200 gode het en waarvan elke god 'n sekere aanbidding het*).

Soos ons lees sê die Boodskapper: "Ek is wat ek is"

Ek is Skepper; Ek is Opperhoof; Ek is Heerser; Ek is jaloers; Ek is die Alef en Taf; Ek is eerste en laaste, wat wil jy meer weet as dit? Gaan sê vir die volk "EK IS" / "YH", Hy het my na julle gestuur. Moses het na die volk gegaan om vir hulle te sê bv.: Julle Opperhoof, Heerser wat die Alef en die Taf is, wat die hemel en die aarde gemaak het, "YH" het my na julle gestuur.

Die Yud י letter word baie in die Hebreeuse taal gebruik om "ek of I en Me" in Engels uit te wys. Selfs die (He) ה het dieselfde verklaring as (Y) י ."Ek is" lyk so inderwaarheid: **נא י** 'Alef Nun Yud'. Die י is 'n baie belangrike Alefbet letter wat die 10de letter van die Hebreeuse Alefbet is.

Soos ons sien in, "Ek is", sien ons die Alfa letter in en dus met kombinasie sien ons die grootsheid wat dit deurgee.

Ek sluit met die uitspraak van dié Naam bo alle name:

YH het 'n klinker in gekry wat YAH heet. Die uitspraak is: "Jaaa" En Hy was gestuur deur VADER as "SHA" wat 'Losser' beteken m.a.w. YAH - U- SHA.

YAH-ons-LOSSER.